# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## DIE HERE SONDER ONS AF VIR HOMSELF

**Skriflesing**:
Eksodus 14:9-31

**Teksvers**:
Eksodus 14:13-14

**Sing**:
Ps 105:1,5
Ps 40:4
Ps 128:4
Sb 54:1,3,7
Ps 146:1,3,4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Dirk Meijer (GK Bloemburg)

**Die HERE sonder ons af van ons vyande.** Die deurtog deur die Rietsee was van uitsonderlike betekenis vir die volk Israel. Hierdeur het God hulle bevryding van die slawerny in Egipte bevestig. Deur sy oordeel oor sy vyande gee Hy vryheid vir sy volk dat hulle nooit weer die Egiptenare hoef te vrees nie. Des te meer mag ons terugkyk op Christus wat ons van die slawerny van sonde verlos het deur ons vyande te oorwin. Die doop beeld af hoe ons eenkant geplaas word van die sonde, soos die Rietsee vantevore reeds daarop gewys het (vgl. 1 Kor. 10:2).

**Die HERE sonder ons af vir Homself.** Die HERE sonder sy volk nie net af *van* hulle vyande nie, maar Hy sit hulle in besonder eenkant *vir* Homself. Die verlossing deur die Rietsee heen moes vir hulle daarop wys dat hulle aan God alleen behoort. Dit is dieselfde belofte waarop ons gewys word deur die doop – dat God Homself aan ons verbind as ons Vader. Ons word opgeroep om van ons vryheid te geniet in Christus alleen, deur Christus en tot eer van God alleen.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## God het al die gesag en seggenskap en Hy gee gesag

**Skriflesing**:
Rom 13:1-14

**Teksvers**:
Rom 13:1,2,4

**HK** Sondag 39

**Sing**:
Ps 66-1:1,2
Ps 65-1:3,5
Ps 95-2:1
Ps 47-2:1,2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Ons kan met blymoedigheid en vreugde lewe, want God het absolute seggenskap, gesag en mag oor die hele wêreld. Blymoedig en vreugdevol omdat God grense vir die mens gestel het.

- Want grense bring vir ons vryheid.
- Vryheid om niks en niemand te vrees nie.
- Solank jy binne die grense bly is jy veilig en geborge.

1. God het en is die gesag!
2. God gee gesag ook aan mense!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 36 16 Okt 2022**


# Die Woord van God is nooit leeg nie

*10Ja, soos reën en sneeu uit die hemel afkom en nie daarheen terugkeer nie, maar die aarde deurdrenk en plante laat voortbring, dit laat uitspruit, en so saad gee vir die saaier en voedsel vir dié wat eet, 11net so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: Dit sal nie vrugteloos na My terugkeer nie, maar doen wat Ek wil hê, en die doel bereik waarvoor Ek dit gestuur het.*
*Jesaja 55 – 2020-vertaling*

Die oorlog in die Oekraïne het 'n katastrofiese uitwerking op die ganse wêreld. Hoewel ons slegs die ekonomiese nagevolge voel, is daar mense wat hulle lewens, geliefdes en al hulle besittings verloor. Elke dag veg hulle 'n oorlog om oorlewing.

Dit laat 'n mens nadink oor jou eie omstandighede. Wat is die betekenis van God se Woord in en vir my lewe? Hoe verander dit my perspektief op my denke en optrede?

Die afgelope week ontvang ons 'n skrywe van ds. Imre Szoke van die Presbyterian Church of Central and Eastern Europe wat skryf uit Hongarye. Hy pleit dat ons in gebed sal volhard saam met die gelowiges oor die wêreld.

Die uitdagings is menigerlei. Behalwe vir lewenskostes wat geweldig gestyg het, dreig 'n yskoue winter sonder gas om hul huise warm te maak. Hy skryf verder rakende sy onlangse besoek:

"*As I crossed the border, we drove through 'ghost towns' and villages. One could hardly see people walking on the streets, except military police units. They are hunting for men who are trying to avoid enrolment. I visited ten families out of four dozen we are helping with a recent subsidy project, including two pastors. I've tried to encourage them, but it turned out that they encouraged me by sharing fascinating grace stories. This diaconal work provides tremendous opportunities to share the gospel and point to God's unspeakable gift (2Cor 9:15). Still the ongoing pressure of the war has a toll on the people. If this goes on for a long time, the churches might be forced into a kind of 'underground' mode, since public gathering will be more difficult and risky. And that raises the question for us: How much do we value our liberty of attending a service without any risks*?"

Vir die afgelope twee jaar was daar geweldige uitdagings wat die pandemie en die regulasies betref. Vir die mense in Oekraïne is dit egter 'n saak van lewe en dood.

God se Woord sal nooit leeg na Hom terugkeer nie. Dit sal nooit onvrugbaar wees of misluk nie. Maar God se Woord sal ons ook nooit gerusstel om maar net te vergaan in ons eie gemak nie.

Hoe kosbaar en vrugbaar werk God se Woord in jou lewe? Staan dan op uit jou rusbank, hersien jou besige program en soek die gemeenskap van gelowiges op, wie weet hoe lank ons dit nog sal geniet?
Lourens Venter (vdm)

*(Volledig brief van ds. Imre Szoke is op kennisgewingbord)*

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Vrug van die Gees!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 21, Ps 107:1 Volgende week: Les 22, Ps 107:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

### KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teologiese studentekas

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Bybelverspreiding

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| Kerk se bankbesonderhede: | Inbetalings vir die Diakonie: | Inbetalings vir die Susters: |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |





## Senior Aksie

Maandag, 17 Oktober 2022

om 10:00 in die kerksaal

Magdi Kruger is 'n Arbeidsterapeut en gaan ons inlig oor die manier waarop ons 'n ouerwordende liggaam nog op die beste manier kan gebruik.

Sy het 'n mobiele praktyk en kan pasiënte tuis besoek om te behandel indien nodig.

Almal is baie welkom!



## Sendingoggend

Die EVK nooi u hartlik uit om na Dr Victor Pillay, predikant van Laudium en dosent by Mukhanyo, op Saterdag, 22 Okt van 9:00 tot 13:00 te kom luister. Dit is 'n inligtingsessie om toeligting te gee oor die beginsels van die Hindoe en Moslem gelowe en hoe om gesprekke met sulke mense aan te knoop en hulle te evangeliseer.

**Victor gaan ook die erediens by Alethea op 23 Okt om 11:00 waarneem.**

Gee asb u naam op by die kerkkantoor/Hein Venter (083 357 6141)/Rika Pretorius (082 559 7705)/Marlou (082 412 4313) indien u beplan om die geleentheid by te woon ter wille van beplanning vir verversings.

## Geestelike Opbou

Die EVK nooi u hartlik uit na die geestelike opbou na afloop van die aanddiens op Sondagaand, 23 Oktober. **Geopende Deure** gaan praat oor evangelisasie wêreldwyd, vervolging en spesifiek ook fokus op die uitdagings in Afrika.

## Manlike sendingwerker gesoek

Die EVK is op soek na 'n manlike sendingwerker vir Leeuwkopgevangenis. Die take van so 'n persoon is om gevangenes wat by die Crossroadsprogram ingeskryf is geestelik te bedien met oordenkings, terugvoer op lesse en persoonlike gesprekke. Die persoon sal 'n polisieklaring moet kry asook 'n klaring by die gevangenis om daar te kan ingaan. Crossroads sal help met die proses. Ons kan geldelike steun gee vir brandstofkostes.

Kontak gerus vir Marlou van den Berg (082 412 4313) vir meer inligting.

## Lekker koekies en beskuit vir die vakansie!

Die Diakonie is betrokke by verskeie kinderhuise in ons omgewing. As deel van ons bediening, wil ons graag in Desember die kinderhuise bystaan om skoolskoene en skryfbehoeftes aan te koop. Hiervoor samel ons fondse in deur koekies en beskuit te koop aan te bied.

Die koekies en beskuit kan bestel word by diaken **Willem Visser (082 452 6377)**. Betaling kan gemaak word aan die Diakonie met die verwysingsnommer wat aan u gegee sal word met u bestelling. Dit kan Sondag, **6 November** na die oggend-erediens by die olyfboom afgehaal word.



| **Produk** | **Prys** |
|---|---|
| **Beskuit** | |
| Anys 500g | R50 |
| Karringmelk 500g | R50 |
| Gesondheid 500g | R50 |
| Lae G.I 500g | R60 |
| **Koekies** | |
| Chock chip 310g | R35 |
| Klapper 310g | R35 |
| Gemmer 310g | R35 |
| Suurlemoen 310g | R35 |
| Gemengde 310g | R35 |
| Gemengde 1.4kg | R140 |

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**16 Okt**

| | |
|---|---|
| Magda Pelser | Blok A |
| Louise v Niekerk | Blok B |
| Zanie Kruger | Blok C |



**23 Okt**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Simone du Plessis | Blok C |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

### Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



## Verjaarsdae

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16 Okt | Ingemari | Briel | B02 | 27736180652 |
| 17 Okt | Marieta | Fourie | B07 | 27827767151 |
| 18 Okt | Ben | vd Walt | A11 | 27824024095 |
| 20 Okt | Cornel | Heystek | C09 | 27721584590 |
| | Jaco | Maré | C15 | 27790673656 |
| 21 Okt | Bella | Landsberg | C06 | 27828431707 |
| | Elmari | Vercueil | E01 | 27825612682 |
| 22 Okt | Danie | Rebel | A01 | 27825715397 |
| | Gerard | van Rooy | C04 | 27718608595 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16 Okt | Ian | Gerber | C14 | 27827227097 |
| 19 Okt | Nicolas | Coetzee | C08 | 27829273146 |
| 22 Okt | Ané | Steyn | B08 | 27769051505 |

*"Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon."*

*Matt 6:3,4*

## Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Billy du Toit sterk aan na 'n oogoperasie (C13—655 0235***)***.
- Jan en Ida Reinecke het 'n draai in die hospitaal gemaak (B4—084 580 3456).
- Annette Lombard sterk tuis aan (A14—654 5144).
- Sollie Nel ondergaan môre 'n knie-operasie (B16—083 441 7799).
- Ané vd Walt sterk aan na prosedure (C2—060 569 2608***)***.
- Luan Martinson het prosedure ondergaan (C7—082 697 8160).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

♥ Hendri en Jeske vd Walt met die doop vanoggend van Tineke.

♥ Quintes en Dilien Keyter met die huweliksbevestiging van hul dogter Chanté.

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huis-oordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

## Afri-Duetfees 2022

Aangebied deur

GK Magalieskruin

Vrydag, 21 Oktober (19:00)

Saterdag, 22 Oktober (15:00)

Besprekings: 082 377 1112

Aangebied by **NGK Elarduspark**

Die Gereformeerde Kerk Centurion nooi u hartlik uit na ons

## Psalmfees

kom sing saam

psalms, skrifberymings, liedere

**Sondag 23 Okt 21**

**15:00 - 17:00**

Basdenlaan 226, Centurion, DV

ook aanlyn beskikbaar op gkcenturion.co.za

**TEMA: SOLA GRATIA**

## Bybelstudie

**Juventus (18-24)**

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

**Ouventus (25 plussers)**

Woensdagaande 19:00

### Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421



### *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**19 Okt** om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773/ stef.vj@gmail.com**



## SENIORFUNKSIE: TOEKA SE DAE




**Jy word hartlik uitgenooi na 'n reis deur TOEKA SE DAE saam met die ALBERTONSE MANNEKOOR**

**Saterdag 5 November 2022**

**om halfdrie by GK Centurion**

**RSVP asb voor 2 November by:**

**076 591 7453**

***Bring enigiets uit jou Toeka-herinneringe saam om oor te gesels!***



## GTA – Tieners en Gesinne

Boskopdam – Seilnaweek



**8-11 Desember 2022**



Kontak di Maarten/Gerrit indien jy wil saamgaan

